Privaat sak X11, Arcadia 0007
Tel. 086 133 3786
Faks 012 001 8787
E-pos: akademie@akademie.co.za
Webwerf: www.akademie.co.za

Engelenburghuis
Ziervogelstraat 574
Arcadia, Pretoria

2009: EEUFEESJAAR

1909-2019

MEDIAVERKLARING

Onmiddellike vrystelling

Die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns ken **Woensdagaand 11 September 2019** om **19:00** sy prestigepryse in die **Atterbury Teater** in Pretoria toe. Ons verwys graag in die besonder na hierdie drie bekronings:

- Die Erepenning vir Visuele Kunste aan **Helen Sebidi.**

Helen Mmakgabo Sebidi is vandag ‘n doyen van Suid-Afrikaanse vrouekunstenaars. Sebidi staan vandag uit onder die ouer garde kunstenaars van Suid-Afrika met ‘n unieke waardesisteem, die gebruik van simbole eie aan haar mense en ‘n manier om betekenis te maak van die wêreld volgens die norme en waardes wat oral in die platteland van Afrika voorkom.

Vanaf die 1990’s tot die hede het Sebidi dwarsdeur die wêreld gereis en haar kunswerke uitgestal, insluitende Brittanje, Nederland en die VSA. In 2004 is die Orde van Ikhamanga deur president Thabo Mbeki aan haar toegeken.

- Die Frans du Toit goue medalje vir bedryfsleiding aan **Johan van Zyl.**

Dr. Johan van Zyl is die hoofbedryfsbeampte van die reuse Toyota Motorkorporasie wêreldwyd. Hy is verantwoordelik vir alle bedrywighede van Toyota in Europa (met ongeveer 20 000 werknemers), asook alle verkope en bemarkingsaktwiteite in 54 lande. Hy het voorheen die Eurostar-toekenning ontvang as een van die top 18 uitvoerende beamptes in die motorbedryf van Europa.

- Die M.T. Steynprys vir natuurwetenskaplike en tegniese prestasie aan **Alvaro Viljoen.**

Prof. Alvaro Viljoen is een van die mees produktiewe wetenskaplikes in Suid-Afrika en wat ook ‘n baie hoë internasionale aansien geniet. Hy vestig ‘n nuwe navorsingsrigting by die Tshwane Universiteit vir Tegnologie (TUT) in die veld van essensiële olies en

medisinale plante. Hy het dit uitgebou tot die sterkste navorsingsgroep in Suid-Afrika en ook een van die leidende groepe in die wêreld. Sy navorsing het gevolglik ‘n beduidende impak wêreldwyd gemaak.

Navrae:
Prof. Anne-Marie Beukes
Hoof- uitvoerende beampte, SA Akademie
Tel.: 086 133 3786
Selfoon: 083 675 8053
E-pos: ambeukes@akademie.co.za